KOLOSSENSE 2:10,12-13 NGK MIEDERPARK 7/6/09

TEMA: EK IS EEN MET CHRISTUS Ds Okkie Cilliers

Hoe praat 'n mens oor die tema? Dis iets wat teen alle logika ingaan en daarom is dit nie moontlik om dit te verduidelik nie. Hoogstens is dit iets wat "beleef" kan word, maar om dit vir iemand anders in woorde om te sit, is nie regtig moontlik nie - daarom dat dit ook "geloof" genoem word. Dit kan nie noodwendig verduidelik word nie, maar dit het geweldige betekenis!

'n Paar dinge moet eers gesê word:

1. Aan die buitekant mag mense verskillend lyk, maar binnekant en in hul dade is almal dieselfde. Dit maak nie saak hoe arm/ryk, jonk/oud, mooi/lelik, vroom/ellendig... jy vandag is nie. **As jy met Jesus gekonfronteer word, lyk almal dieselfde.**

2. Tog is almal nie dieselfde nie, **want die konfrontasie met Jesus vlek die kontraste tussen ons tot op die been oop** (en ons hou nie daarvan dat dit gebeur nie - ons sou eerder veilig en anoniem eenkant wou bly!). Kontraste wat teenoor mekaar afgespeel word is die van lig/duisternis; lewe/dood; sien/ongesiens; geloof/ongeloof... *As jy in die teenwoordigheid van Jesus kom, word elke mens blootgestel sonder dat jy iets kan wegsteek.*

Tog is daar baie meer aan die gang as net die konstraste wat skreiend deur Jesus oopgevlek word en al die mense wat dieselfde lyk. Die hart van alles is my **eenwording met Christus – "deur my verbondenheid met Hom..." noem die teks dit.** Tussen die twee van ons het 'n wedersydse geestelike identifikasie plaasgevind wat alles eenvoudig anders laat lyk. En dis nie dinge wat jy in/met woorde kan verduidelik nie. Eenvoudig omdat dit 'n misterie is wat die mens nie op sy eie kan verstaan nie want die betekenis daarvan lê in 'n ander wêreld - die *geesteswêreld*. Ja, dis 'n geestelike ding. Dit gaan nie hier net oor Jesus aan die kruis en die mense se belewing van sy dood en opstanding nie. *Die krag hiervan lê in 'n geestelike dimensie.* Die goed het bloedweinig te doen met vlees en bloed.

Jesus se dood is nie daar vir die blote oplossing van jou *fisiese* probleme nie. Om te wil glo dat God die dinge laat gebeur het net sodat al ons siektes, pyne en vernederinge minder kan word en ons dalk iets meer uit die transaksie kan kry, verstaan nie die *geestelike identifikasie/eenwording tussen my en Christus nie.* Want daar is immers *vandag* 'n oorlog aan die gang en dié word geveg in die geesteswêreld. en daar "moet ten bloede weerstand" gebied word. Baie min van daardie oorlog word geveg in/met vlees en bloed (Ef 6:12). *Die oorwinning hiervan lê ook in die geesteswêreld.*

Dis presies wat Jesus kom doen het. Let op na o.a. Gen 3:15 waar die belofte in die geesteswêreld gemaak is dat Hy eendag sou kom om die Satan se kop plat te trap. Hy het toe gekom en die gang van die hele oorlog verander. Want die slang se kop is vermorsel en die oorwinning oor alles wat boos is, is 'n werkliheid wat ook NOU aan die gang is. Die oorwinning is *nou op sy hoogtepunt* om die eenvoudige rede dat ek net vandag leef, gister se oorwinngs tel nie meer punte nie en môre s'n moet nog kom. Ek het nou aanspraak op al die beloftes van redding en seën wat die Here in Christus gemaak word. (Kyk na o.a. 2 Pet 1:3.)

Ek wonder of ons nie moedswillig hierdie dinge verkeerd verstaan nie. Want met die mond bely ons die krag van Jesus se redding maar as dit by die praktyk kom veg ons die oorlog self!. Wie oor **genade** praat moet die betekenis daarvan goed snap: "**it is beyond your doing!**" Jy het daar niks mee te doen nie en jy staan net aan die ontvang kant.

Dit gaan net om Hom!

1. Jy het dit nie begin nie. Die oorsprong van hierdie redding het met jou niks te doen nie en enigiets wat jy rondom dit doen, verander aan die krag daarvan nie 'n bloue duit nie. Dit gaan nie om jou gebede, vroomheid, berou oor die sonde en krag in die geloof nie. Jy kry ook geen krediet vir dit wat jy na jou mening goed gedaan het nie. Want dit gaan nie om jou nie. God het dit in sy wysheid uitgedink, uitgewerk en afgehandel. *"Deur my verbondenheid met Hom deel ek in Sy volheid."*

- Hoekom tree ons dan op asof ons iets reggekry het? Ons leef asof ons het antwoorde op alles het, besluit self waarvan ons hou en wat ons afkeure is, wanneer, waar en hoe dinge gedoen moet word... Ons arrogansie is verstommend - ons tree op asof *ons* in Christus gaan woon het. Eintlik moet Hy baie bly wees dat Hy iemand soos ek/jy gekry het wat ten minste iets in die wêreld vir Hom kan beteken!!!

  Nee! Hy het die geestelike eenwording tot stand gebring! Dit gaan net om Hom!

2. Tog het dit ook alles met my/jou te doen. Want dis ***ek*** "wat saam met Hom opgewek is" – Hy het dit vir ***my*** gedoen (onverstaanbaar!!).Maar my aandeel in hierdie genade moet baie goed verstaan word. Want God doen dit nie vir Homself nie, maar vir ons! Hy maak nie wat stukkend is heel sodat Hy jou in die hemel kan kry nie en jy dan jou tiende gee nie, ook nie sodat jy van jou tyd aan Hom moet gee nie. Nog minder gee Hy genade sodat Hy jou betrokke by die kerk kan kry nie... En ons tree so op! Ons dink werklik dat die Here al die dinge vir ons doen sodat ons Hom kan dien, asof Hy ons nodig het!.

- Die almagtige God het nie my gebreke en arm offers nodig nie.

Maar tog doen Hy dit vir my en ek het een met Hom geword! Hoekom? Ek vermoed om die enkele rede dat Hy my liefhet, en dit verstaan ek nie regtig nie. Want dis 'n liefde *ten spyte van*. Ek is gebreklik in my min liefde vir Hom en eintlik gee ek baie min terug van dit wat ek ontvang. Maar steeds het Hy my lief! Hy identifiseer met my!

- Daar het 'n geestelike eenwording tussen my en Hom tot stand gekom omdat Hy dit vir my wil doen.

Om dit te verstaan moet ek so iets verstaan van hoe ek lyk en wat Hy met my doen.

Hoe lyk ek?

Ek het 'n verlede. Ek is verwronge en vuil omdat ek "dood was en gesondig het" Ons is vermink en kreupel deur die sonde geslaan en was betrokke by baie goed wat liefs nooit moes gebeur het nie. Daar is haat wat onverbloemd gehaat is, verhoudings wat skeef geloop het, woorde wat gesê is... Daar is dinge wat aan my gedoen is en dinge wat ek aan hulle gedoen het. Baie van die goed is dinge wat baie diep gebêre is en waaroor die gras al gegroei het. Sommige van dit lê baie vlak... Ek het 'n verlede wat nooit weggaan nie. Ek is vuil!

Ek het 'n hede. Die hede is meestal nie veel beter nie omdat sy wortels in die verlede lê. Dieselfde goed gaan vandag maar aan. Die lewe het 'n gevegslinie geword waar ek myself moet handhaaf met standpunte en antwoorde. Die hede is die plek waar mense verskriklike dinge aan hulself, ander en God kan doen. Die hede gaan nooit weg nie. Ek is vuil!

Jesus het met al hierdie dinge geïdentifiseer. Tussen my en Hom het so 'n geestelike eenheid gekom dat Hy al die dinge in Homself ingesuig het - **Hy word die een wat dit gedoen het!!** In die geesteswêreld identifiseer Hy met die verlede en hede wat die skeiding tussen my en God veroorsaak het. **HY WORD EK! Hy word my sonde.**

- Dis die enigste manier uit die hede en verlede. Hy word ek en identifiseer met my sodat ek daar kan uit (2 Kor 5:21).

Nou hoekom sukkel ek dan nog so met die goed? As daar "*volheid* deur die verbondenheid met Hom" vir ons gekom het, waarom is dit so 'n onhebbelike stryd om uit alles te kom? Miskien is die rede dat ons die goed nie reg wil verstaan nie en steeds dink dat dit om ons gaan. Ons sê dinge soos:

- "Ek probeer dit hanteer." Hoekom wil jy dit hanteer as dit niks met jou te doen het nie.!?
- "Ek probeer "cope". Hoekom probeer jy as dit niks met jou te doen het nie.?!

Dis dwaasheid om so te redeneer want Hy het hierdie dinge geword sodat ek dit nie meer hoef te hanteer nie. Dis nie meer deel van my nie.

Maar daar is nog meer as dit. Want Hy het nie net my verlede en hede ingesuig nie, Hy het veel verder gegaan. Hy identifiseer nie net met **wat ek doen** nie maar ook met **wat ek is.** Hy het nie net my buitekant (*wat ek doen*) ingetrek nie maar ook my binnekant (*wat ek is*). Dit gaan nie om wat buite is en wat gedoen word nie, maar oor wat binne is - wie is jy!? *In Jesus se teenwoordigheid word almal dieselfde.*

En Jesus word wat ek is! Ook in die opsig vind daar in die geestewêreld 'n identifikasie plaas.

Hoekom? Ons tradisionele antwoord is dat Hy dit gedoen het sodat Hy kon sterf om my skuld te betaal. Hy is aan die kruis en beleef die pyne van die hel sodat ek dit nooit self hoef te beleef nie. Dis 'n goeie antwoord want dis waar. Maar dis nie al nie. Daar is veel meer: Hy identifiseer met my sodat ek kan verander. Hy identifiseer nie net met wat ek gedoen het nie, maar ook met wat ek is. Ek is verrot aan die binnekant en Hy word toe verrot soos ek **sodat ek dit nie langer hoef te wees nie.** Kyk goed na vers 13: ons is saam met hom gekruisig sodat ons sondige bestaan beëindig kan word en ek is saam met Hom lewend gemaak! Daar is uitkoms uit hierdie dinge **want ek is in Christus en word soos Hy is!**

Hiermee kom ons by die hart van die probleem uit: wie is die oorsaak van die ellendes? Iemand kan sê dat dit die Satan is," hy het my dit laat doen." Mense probeer selfs om God die skuld te gee. Mense blameer mekaar vir dit wat verkeerd loop...

Niemand anders is te blameer as ek self nie!! Daarom moet ek wegkom uit myself. Daar is 'n vyand wat soos 'n wrede monster geword het en geheimsinnig al agter my aanloop. 'n Paar keer het ek hom amper in die hande gekry. Hy is skrikwekend aaklig want hy krap alles in sy teenwoordigheid om, sy asem stink. Tot ek hom eendag inwag en op heter daad betrap... en al die tyd was dit ek self. Ek het my kloue in alles in. Ek is die probleem. Ek is die monster.

Al die tyd dog ek toe die probleem lê buite my - dis my vrou wat die probleem is. Ek het gedink dis die kerk; of die kollega by die werk; of die mense wat die politiek bedryf… Net om onstellend uit te vind dat ek agter alles sit! As jy mooi gaan kyk is jy besig om 'n lyk saam met jou te dra - en daardie lyk is jy self. Hy is voet vir voet, arm vir arm, been vir been, kop vir kop... aan jou vasgeplak. Waar jy gaan gaan hy saam. Op die ou einde gaan hy die oorsaak wees dat jy ook sterf want jy is geplak aan jou dooie self. Jesus het die lyk kom lossny en jou losgemaak van jouself. Die oue is toe dood en opgesuig in Jesus sodat jy nie meer met die dooie kant van jouself hoef te loop nie. Gal 2:20 bevestig dit immers: "Ek is onder nuwe bestuur want ek leef nie meer nie maar Christus leef in my." Hy het my in Homself ingesuig sodat Hy kan word wat ek is, maar ook sodat ek kan word wat Hy is.

- Ek het die teoretiese waarheid altyd hiervan verstaan maar my lewe het nie reggekom nie. Ek het wel bely Jesus het gesterf sodat my sonde op Hom geneem kan word. Maar ek het nie verder gegaan nie en ek het nie soos Hy geword nie en dit het die ou probleem weer onderstreep: **trots**. Hierdie trots word fyn weggesteek maar is springlewendig en keer dat mense die wonderlike krag van die Here in hul lewens ervaar.

Daar is net 1 oplossing: sterf in Hom en word ingesuig deur Hom! As jy jouself sou optel om te sien wat jy werd is, gaan jy op 'n ronde 0 uitkom. As jy God se eienskappe op 'n rekenaar sou sit en kon optel sou die sommetjie sê dat Hy alles is! Op my eie is ek niks, in Hom is ek alles. En daarmee maak Hy die uitnodiging: Gee vir my jou niks dan gee ek jou alles wat Ek het. - en so verander ek van 'n 0 telling na volpunte.Ek gee Hom my swakheid en Hy gee my sy krag. Ek gee Hom my onnoselheid en Hy gee my sy wysheid,. Ek ruil Hom my skuldgevoelens vir sy vergifnis; ek gee Hom my sonde en Hy gee my sy heiligheid...

Hoekom is dit vir mense so swaar om dit te doen? Baie redes kan gedoen word, maar miskien sien hulle nie kans vir die vernedering wat hiermee gepaard gaan nie. Want dan moet hulle erken dat hulle eintlik niks is nie terwyl hulle voorgee dat hulle iets bereiek het en hul mening iets werd is. As jy ”deur jou verbondenheid met Hom Sy volheid” wil beleef, sal jy van jou troon moet afklim. As jy soos Hy wil word, moet jy enigiets wat nie soos Hy lyk nie en soos Hy optree nie, op hierdie dag en datum verander.

- Wat lê die Here op jou hart om nou te doen? Dit kan dinge soos bitterheid, oneerlikheid, gedagtes, stukkende verhoudings, geheime sonde, verslawing... wees. Die Gees van die Here wys daardie goed nou vir jou uit.

Is jy gewillig om dit te doen? Want die grootste ruil in die geskiedenis vind dan plaas: "Here ek gee nou vir u wat binnekant my is en ek neem wat binnekant U **is sodat ek kan word soos U is.** En dan word ek dit!

Ek hoef nie meer te sukkel daarmee nie! Hy sterf en leef in 'n dimensie veel meer as dit wat ek kan sien. Hy doen dit in die geesteswêreld. Nou is ek in Hom Ek hoef nie meer met dinge te sukkel nie want ons is gekoppel aan mekaar. My wêreld waarin ek leef (die fisiese) en waarin ek glo (die geestelike) is **in Christus!**

Want 'n ruil is gemaak!

Amen.